

GEBED:

Here, ek is 'n lewende uitdrukking van die blydschap van die Here;
help jy om u blydschap uit te straal na ander.



Here, ek is 'n lewende uitdrukking van die vrede van die Here;

help my om u vrede uit te straal na ander.

Here, ek is 'n lewende uitdrukking van die bemoediging van die Here;


help my om ander te bemoedig soos U my bemoedig.

Here, ek is 'n lewende uitdrukking van die liefde van die Here;

Help my om u liefde te laat oorborrel na ander.

Ja, hervorm my dat ek getrou aan U kan wees soos 'n goue labrador aan sy baas.

Amen



LEEF JOU GELOOF

Tel rommel op wat 'n prominente plek in jul omgewing ontsier, byvoorbeeld 'n park, 'n rivieroewer of strand.



NET VIR OUERS

Ouers is altyd - in sonskyntye en in stormtye - 'n simbool daarvan dat God altyd by ons staan. Leef so!

BARNABAS, ONS EN GOUE LABRADORS WEEK 8



BESTE EN SLEGSTE

Gee elkeen 'n kans om oor die beste en slegste oomblik van elkeen se dag te gesels.

WAAR HET JY JESUS VANDAG ONTMOET?

Gesels met mekaar oor waar elkeen vandag vir Jesus ontmoet het, of oor iets of iemand wat jou aan Hom laat dink het.



BYBEL

Lees: Handeling 4:36-37; 9:26-27; 11:22-30; 15:36-41;
2 Timoteus 4:11.



Jy is as speurder aangestel om alle relevante inligting oor Barnabas in te samel en 'n verslag op te stel om

te kyk of hy regtig in die goue labrador-kategorie, soos die aanhaling op die volgende bladsy vir ons verduidelik, pas.

Goue labradors is wonderlike honde - wat dink julle leer ons by hulle oor geloof?

lewers het ons hierdie aanhaling raakgeloop: Jy sal natuurlik hard moet werk as jy Christene aanstoot gee. Christene is van nature die mees vergewensgesinde, simpatieke en bedagsame groep mense met wie ek nog te doen gehad het. Hulle aanvaar nooit met die intrapslag die ergste nie, hulle het waardering vir 'n verskeidenheid van perspektiewe, hulle word nie maklik kwaad nie, maar is gou om te vergewe. Hulle tree omtrent nooit veroordelend of liefdeloos op nie ...nee, wag, ek dink nou aan goue labradors!

- SKRYWER ONBEKEND



Uit Botswana kom daar 'n wonderlike storie oor die betekenis van die lewe. Hoofman Linchwe vertel: “Daar was twee mans – een was blind en die ander een kreupel. Hulle het altyd saamgewerk . . . die een het die voete gehad en ander een die oë, maar met mekaar se hulp was hulle sterk. Die

blinde man het altyd die kreupel man gedra.

Een dag, met hulle omswerwinge, loop hulle in 'n leeu vas. Die kreupel man roep uit: “Oppas! Leeu!” Die blinde man gooi die kreupele van sy rug af en hardloop blindelings weg. Natuurlik gryp die leeu die kreupel man en maak hom dood want sy “bene” het weghardloop.

Sonder sy oë (die kreupel man) kon die blinde man natuurlik ook nie ver kom nie, en hy is ook deur die leeu gevang en opgevrete. Die hoofman het dit so verduidelik: “Al twee het hulle lewe verloor omdat hulle vergeet het hulle kon nie sonder mekaar se hulp oor die weg kom nie. Deur aan te hou om mekaar te help om die daaglikse uitdagings wat die lewe jou bied te oorkom, sou hulle oorleef het en sou hulle boonop sin aan mekaar se lewe gegee het. Hulp aan ander gee beteken aan die lewe!”

Dís hoe goue labradors hul lewe inrig.

Die wêreldberoemde Franse mimiekkunstenaar, Marcel Marceau, het in een van sy rare praat-oomblikke gesê: “Die betekenis van die lewe lê in ons behoefte om ander te help. Dít is die Goddelike geskenk!”

Die persoon in die Bybel wat regtig hierin gespesialiseer het en wat 'n mens amper die goue labrador van die Bybel kan noem, was Barnabas. Sy naam beteken: Om mense te be- moedig! Sjoe! Ek wens ek het so 'n naam gehad.

Daar is een stukkie geskiedenis waarin Barnabas soos 'n ware goue labrador opgetree het: Paulus wou nie meer vir Markus by hulle hê nie omdat hy hulle voorheen in die steek gelaat het. Barnabas het gevoel dat hulle hom tog 'n tweede kans moet gee. Hy het lojaal aan Markus gebly en so het Barnabas en Paulus se paaie geskei. Barnabas is toe saam met Markus daar weg.

Die goue labrador van die Bybel was reg, want Markus het later die Evangelie geskryf wat sy naam dra. Boonop skryf Paulus later in 2 Timoteus 4:11: “Gaan haal vir Markus en bring hom saam met jou wanneer jy kom, want hy kan my behulpsaam wees.” Ons het goue labradors nodig wat in ons sal glo al het die res van die wêreld sy rug op ons gedraai!

Goue labrador-mense of Barnabasmense leef vanself die raad uit van 'n groot sportafrigter in die VSA wat gesê het sy suksesresep is: “As iets verkeerd gaan, is dit ek. As iets half- goed gaan, is dit ons. As iets regtig goed gaan, is dit julle.”



DOEN SAAM :

Gaan na die plaaslike hondeskuiling en hoor wat hulle nodig het. Kyk of julle dan daarvan aan hulle kan skenk. Maak dit 'n gesinsuitstappie en gaan kuier sommer ook vir die honde!